

BENODIGDHEDE: Vir albei randjies: Wit Pingouin Nr. 8-hekelgare (50-g-bolle); die hoeveelheid hang af van lengte van randjie wat gehel word; hekelpen van 1,25 mm.

AFKORTINGS: ks – kettingsteek; kb – kortbeen; gs – glipsteek; lb – langbeen; hlb – halflangbeen; sp(s) – spasie(s); blk(s) – blokkie(s); herh – herhaal; vlg – volgende.

Spasie: 1lb om te begin; *2ks, slaan 2 ste oor, 1lb in vlg st om sp te voltooi.

Blokkie: 1lb om te begin; *1lb in elk van vlg 2 ste, 1lb om blk te voltooi.

GEOMETRIESE RANDJIE

AANWYSINGS: Begin met 36ks, draai en plaas 1e lb in 9e ks vanaf hekelpen.

Raadpleeg diagram en draai altyd aan einde van elke ry met 5ks, om filetrand-sp te vorm.

Begin by lyn A-B en hekel tot randjie so lank soos benodig is.

Werk buitenste rand soos volg met afsonderlike skulpe af.

1e ry: 1Lb in basis van rand-lb, 2lb in sykant van vlg filet-sp 3 keer, 1hlb, 1kb in vlg sp, draai.

2e ry: 1Gs in elke st van vorige ry, 3ks, draai.

3e ry: 1Lb in elk van vlg 5 lb, 3ks, slaan 3 ste oor, gs oor skuins ste, 1kb in basis van vlg filet-lb, 3ks (=1e lb van 1e ry van vlg skulp), en herh al met die rand langs. Knip gare af en werk netjies af.

BLOMMERANDJIE

AANWYSINGS: Begin met 94ks, draai en plaas 1e lb in 4e ks vanaf hekelpen.

Begin by lyn A-B op diagram, hekel tot stippellyn C-D en herhaal tot randjie so lank soos benodig is.

Verstewig die buitenste rand met 3 rye kb.


Knip gare af en werk netjies af.

SLEUTEL TOT DIAGRAM

☐ – spasie


☒ – blokkie

DIAGRAM VIR BREE RAND



HANDDOEK-RANDJIES

DIAGRAM VIR SMAL RANDJIE



Versamelstuk